Preeknotas vir Vrydag 13 Junie 2008
Tema: Dien met jou gawes: Die gawe van gebed

Skriflesing: Gen 5:[21] *Toe Henog vyf en sestig jaar oud was, het hy die vader van Metúsalag geword.*[22] *En Henog het ná die geboorte van Metúsalag nog drie honderd jaar met God gewandel. En hy het seuns en dogters gehad.* [23] *So was dan al die dae van Henog drie honderd vyf en sestig jaar.* [24] *En Henog het met God gewandel; en hy was* daar nie meer nie, want God het hom weggeneem. Eks 33:[11] *Dan spreek die HERE met Moses van aangesig tot aangesig soos 'n man met sy vriend spreek.*
1 Joh 5:[13] *Dit het ek geskrywe aan julle wat glo in die Naam van die Seun van God, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het en kan glo in die Naam van die Seun van God.* [14] *En dit is die* ***vrymoedigheid*** *wat ons teenoor Hom het, dat Hy ons verhoor as ons iets vra volgens sy wil.* [15] *En as ons weet dat Hy ons verhoor, dan weet ons dat, wat ons ook al vra, ons die bedes verkry wat ons van Hom gevra het.* [16] *As iemand sy broeder 'n sonde sien doen wat nie tot die dood is nie, moet hy bid, en Hy sal hom die lewe gee—vir die wat nie 'n sonde tot die dood doen nie. Daar is 'n sonde tot die dood; daarvoor sê ek nie dat hy moet bid nie.*

Inleidend: Ek het hierdie getuienis van Graham Power gedeel omdat God mense oproep om te kom bid. Hy gee gebed as gawe aan Sy kerk hier in die UAE en Hy roep ons om daardie gawe nie te begrawe nie. Hoekom? Hoekom gebed? Ek glo die Here het gebed gegee vir drie redes:

1. Hy het gebed gegee sodat ons ***intimiteit*** met Hom mag belewe.
   Gebed is vir intimiteit met God. Dink aan die wonder van die tuin van Eden of wanneer ons finaal saam met God die nuwe hemel en die nuwe aarde gaan belewe. Hoe sal ons dit beskryf? Daar's een word wat dit kan opsom: Intimiteit, van aangesig tot aangesig. Die vraag is of ons dit nou kan belewe en indien wel hoe? Die antwoord is "JA!" - Deur gebed. Wat is gebed dan?
   - Gebed is ***liefdeskommunikasie*** tussen God en sy kind waar ek met Hom my hart deel en Hy aan my openbaar wat in Sy hart leef. Henog wat met God gewandel het (Gen 5: [24]). Moses met wie God gepraat het soos met 'n vriend. Eks 33:[11] *Dan spreek die HERE met Moses van aangesig tot aangesig soos 'n man met sy vriend spreek.* Maria by die voete van Jesus. In Johannes 1:[18] lees ons iets besonders: *Niemand het ooit God gesien nie; die eniggebore Seun wat in die boesem* (κόλπος) *van die Vader is (letterlik, wat aan die Vader se bors lê), dié het Hom verklaar.* Jesus wat vroeg op staan en na afgesonderde plek gaan in Markus 1:[35]: *En vroeg in die môre, nog diep in die nag, het Hy opgestaan en uitgegaan en na 'n eensame plek vertrek en daar gebid.*

   Voorwaardes
   - 'n **Liefdesverhouding** met die Vader wat realiseer in/deur gebed. Dit gaan oor 'n leifdesverhouding en nie 'n werksverhouding nie. Genade nie verdienste nie.Die graad van intimiteit word deur onsself bepaal (Voorbeeld van twee persone wat in 'n kar ry en ver van mekaar afsit of die voorbeeld van man in 'n telefoonhokkie met 'n oopdeur). Intimiteit is iets wat sterker groei. ***Ons kan en moet met vrymoedigheid (παρ□ρ□ησία - parrhesia)*** **nader (***1 Joh 5:14).* **Lev 26:**[13] Ek *is die HERE julle God wat julle uit Egipteland uitgelei het, dat julle nie hulle slawe moet wees nie; en Ek het julle jukskeie verbreek en het julle* ***regop*** *laat loop.*
     Heidi Baker – soaking in the presence of the Lord. Shika Baba- Swahili vir *Hold on to the Father*, - kiss the feet of the Son.
   - Intimiteit **vra en ontwikkel 'n rein/gehoorsame lewe**

2. Hy het gebed gegee sodat ons ***verryk*** mag word deur al die seëninge wat Hy belowe wanneer ons vra. Gebed is verryking van God ons die bedes verkry wat ons van Hom gevra het.
3. Hy gee gebed sodat ons in ***venootskap*** met Hom mag werk aan die opbou en uitbou van Sy kerk, Koninkryk hier op aarde.